higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## KUNSGESKIEDENIS N6

**24 Mei 2021**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INTRUKSIES EN INLIGTING

1. By die nasien van Kunsgeskiedenis moet die nasiener onthou daar is nie net een handboek wat as riglyn gebruik is nie.

2. Verskillende boeke word gebruik, maar jy kan nie 'n feitelike nasienriglyn opstel soos in die geval van ander onderwerpe nie. Die student se eie interpretasie en argumente moet in ag geneem en beoordeel word. Daarom moet nasieners nie net hierdie nasienriglyn gebruik om hierdie vraestel na te sien nie.

3. Die nasiener moet die onderwerp ken en oop wees vir wat die leerder skryf.

4. Studente moes al die vrae in AFDELING A en enige DRIE vrae in AFDELING B beantwoord het.

---

## AFDELING A (COMPULSORY)

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 Lineêre perspektief: Lyne gevorm deur die kas aan die linkerkant, die dak, die stoof en die deur in die agtergrond lei die kyker se oog in die prent in en skep diepte. Dit verdwyn tussen die ou man en die ou dame se kop.

Atmosferiese perspektief: Daar is meer detail in die voorgrond as in die agtergrond in bv. die gesigte. Die figuur voor is groter. Sterker kontras word op die voorgrond deur die man geskep as in die agterkamer. (Enige relevante 2 × 3) (6)

1.1.2 Al lyk die voorgrond werk sonnig en helder, voel die atmosfeer neerdrukkend. Die dame in die agtergrond sit in 'n rolstoel en haar kunsbeen staan by die deur in die kombuis. Die ou man se gesigsuitdrukking lyk depressief. Sy lewe draai waarskynlik om die versorging van sy vrou. (Enige relevante antwoord) (3)

1.1.3 Lig wat deur die venster skyn, lyk simbolies vir heilige lig of godsdiens. Vrugte op die kas en die lemoen in die ou man se hand kan verwys na welvaart en gesondheid. Die kunsbeen simboliseer hulpeloosheid. (Enige relevante antwoord) (3)

1.2 Daar is geen plaasvervanger vir liefde of omgee nie. Dit verwys na die man en vrou se verhouding. (Enige relevante antwoord) (2)

**[14]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 Herhaling van kleure soos blou (voëls en water) en wit (klere, baniere en boot); herhaling van patroon in rooi tafeldoek/kombers (2)

2.1.2 Vereenvoudigde kleurvlakke en vorms. Gebrek aan modulasie van vorm en detail. Dinamiese komposisie met kontrasterende geometriese vorms en natuurlike vorms in figure en landskap. Meng akrielverf en collage op doek. Helderblou kontrasteer met dowwe groen, swart en wit. (Enige relevante antwoord) (3)

2.2 Kunstenaar se naam, titel, datum, medium, reusedoek, agtergrond – Afro-Amerikaner uit Chicago wat 60 jaar oud is en al 40 jaar lank skilder.
(Enige relevante antwoord) (5)
**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Beeld is op die plaat geteken. Lyne is met 'n skerp etsnaald uitgekrap. Meer of dieper lyne skep donkerder gebiede. Ink is in die lyne ingevryf en plat, wit oppervlakke skoongemaak. Op nat papier gedruk. (4)

3.1.2 Simmetriese, gebalanseerde komposisie met sirkelbeweging. St. Anthony in die middel as fokuspunt. Kurwes skep beweging. Dinamiese komposisie met ritme geskep deur herhaling van lyn en tekstuur. (Enige relevante antwoord) (4)

3.2 Heilige wat deur bose geeste in die vorm van monsters versoek word. (1)
**[9]**

**VRAAG 4**

4.1 No 1 (1)

4.2 Aanvaar weldeurdagte argumente. (3)

4.3 Ekspressionistiese beweging. Onwesenlike beeld met sterk kwashale en die gebruik van impasto. Nagmerriebeeld toon emosie en toestand van menslike psige.
Aanvaar studente se bespreking van kunswerke nr. 2 of 3 ook.
(Enige relevante antwoord) (3)
**[7]**

## VRAAG 5

5.1 Impressionistiese soeke na waarheid: Nuwe pigmente, kleurteorie. Lê vlugtige oomblikke en alledaagse tonele vas. Skilder buite. Skilder alledaagse hedendaagse tonele. Breek weg van die tradisionele skilderkuns. (3)

5.2 Impressionistiese skilders het gestreef na die optiese indruk van wat helder en kortstondig was. Invloed van lig en atmosfeer, skilder in die buitelug, vlugtige kwashale, gebruik van impasto, alledaagse tonele, vlietende oomblikke in tyd. Kortstondige effek van lig. Invloed van lig op kleur, lig weerkaats van een voorwerp na 'n ander, jukstaposisie van lig en kleur. Bv. *Rouen-katedraal*, Monet se *Impression sunrise.* (6)

5.3 Vorm is afgeskeep: *Rouen-katedraal* – saamgeperste vorm, skuins/gekantelde vlakke, vrye kwashale toon dat vorm verwaarloos/geïgnoreer is (3)

5.4 Leke verstaan dit nie: Kritiek: “skilder slegs indrukke”. Toon beweging. Degas, Renoir en Monet se gebruik van rou, onvermengde, swak gedefinieerde verf skok hulle. Nie gewone standaard van salonskilders nie. skep die indruk dat dit 'n skets of vinnig voltooide stuk werk is wat bedoel is om die geheue te help. (5)

5.5 Impressionisme stem ooreen met die evolusie van hedendaagse idees:
Is 'n internasionale beweging. Eerste moderne beweging. Verander die manier waarop kunstenaars geskilder het. Beïnvloed toekomstige beweging. Breek weg van die tradisionele skilderkuns. Uitvinding van nuwe pigmente en invloed van kamera. (Enige relevante antwoord moet oorweeg word) (3)

**[20]**

## VRAAG 6

Van Gogh geniet erkenning vir die simboliese betekenis en ekspressiewe gebruik van kleur en vervorming. Enige van Van Gogh se werke kan bespreek word, byvoorbeeld: *Starry night, Night Café*.

Cézanne: Voorbeeld: *Mont Sainte-Victoire* of enige ander relevante kunswerk. Verwys na sy analitiese styl, motief, eienskappe van lyn, vlak en kleur en hul onderlinge verhoudings, afbreek van die natuur tot sy eenvoudigste vorm – kubus, silinder, sfeer en keël en dat voorgrond en agtergrond ewe belangrik is.

(Enige relevante antwoord 10 × 2) **[20]**

## VRAAG 7

Bespreek die kenmerke van Fauvisme deur na Matisse se kunswerke te verwys. Gee punte vir kort besprekings oor die agtergrond, definisie en die oorsprong van die term *Fauvisme*. Die student moet die kenmerke van Fauvisme bespreek deur te verwys na kunswerke soos *Madame Matisse, Red room, Woman with a hat* of enige ander werk. Verwys na die vereenvoudiging van vorm, willekeurige plat gebruik van kleur om ruimte en dik buitelyne te skep. Studente moet die kenmerke van die beweging bespreek deur die kunswerke te ontleed. (Enige relevante antwoord) **[20]**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

**VRAAG 8**

8.1 Bevorder die simboliese krag van kleur, glo dat kuns kragtige positiewe boodskappe aan die kyker kan oordra. Die Brücke – brug – filosofiese idees van Nietzsche – glo dat die hedendaagse die toekoms kan beïnvloed. Is beïnvloed deur primitiewe nie-Westerse kuns en Russiese literatuur. Marc – simbool van kleur blou – geestelike kleur. Kandinsky het realisme geassosieer met negatiewe aspekte van materialisme – kuns het minder figuurlik geword. Beïnvloed deur Russiese volkskuns en filosofie. (6)

8.2 Studente moet verteenwoordigende kunstenaars en voorbeelde van kunswerke kies, bv. Kirchner, Nolde, Heckel en Schmidt-Rottluff van *Die Brug* en Marc, Kandinsky van *The Blue Rider*. Deur toepaslike kunswerke te ontleed, moet studente na elke fase se eienskappe verwys.
(Enige relevante antwoord) (14)
**[20]**

**VRAAG 9**

Vroeë kubisme: Stylinvloede, bv. Cézanne se invloed, primitiewe kuns, verwerping van bekende werklikheid, bv. in *Les Demoiselles D'Avignon* (Cézanne-fase). (7)

Analitiese kubisme: Breek weg van tradisionele benaderings tot ruimte en komposisie: drie dimensies op 'n tweedimensionele oppervlak met wiskundige benadering tot komposisie, bv. Braque se *The Portuguese*. (7)

Sintetiese kubisme: Implementering van collage-tegnieke en plak van voorwerpe, koerantpapier of materiaal op die doek, bv. Picasso se *Still life with Chair-Caning*.
(Enige relevante antwoord) (6)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 140**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vra in AFDELING B.

### VRAAG 10

Kies TWEE of meer futuristiese kunstenaars uit Boccioni, Marinetti, Balla, Severini. Die studente moet agtergrondinligting en die Futuristiese manifes of motivering agter hierdie nuwe manier van kuns noem. Antwoorde kan verwysings na historiese, geografiese, godsdienstige en ekonomiese invloede insluit. Verwys na die verheerliking van oorlog en spoed – studente moet verwys na spesifieke voorbeelde en kan ook verwys na die gebruik van verskillende materiale en tegnieke. Hulle moet na toepaslike eienskappe in spesifieke kunswerke verwys. (Enige relevante antwoord) **[20]**

### VRAAG 11

Studente moet Malevich se werk bespreek, bv. *Suprematist composition: airplane flying 1915*. Verwysing na meer as een werk. Aanvaar studente se bespreking van die agtergrond en invloede op hierdie beweging of kunstenaar.
(Enige relevante antwoord) **[20]**

### VRAAG 12

Studente moet ten minste twee van Mondrian se kunswerke bespreek om hul ontleding van De Stijl se eienskappe te ondersteun. Studente moet die agtergrond en oorsprong van De Stijl bespreek. Hulle moet verwys na die volgende eienskappe: skep van stabiliteit en orde na die chaos wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is, die gebruik van swart, handgeverfde horisontale en vertikale lyne, slegs primêre kleure (rooi, blou en geel), vereenvoudiging van vorm (vierkant en reghoek), goed gebalanseerde komposisies, en die wiskundige benadering tot skilderkuns.
(Enige relevante antwoord) **[20]**

### VRAAG 13

Duchamp se kunswerke sluit in 'ready-mades' (*Fountain*), 'assisted ready-mades' (*LHOOQ*), seksmasjiene/meganiese kunswerke (*Large glass*), bewertjies, werke wat per toeval vervaardig is (*Bottle rack, Nude descending the staircase*), en alle ander relevante werk. In die bespreking van die kunswerke moet studente die unieke eienskappe van DADA noem. Jean Hans Arp – toevallig gerangskikte collage. Beïnvloed Surrealisme, Nouveau Realisme, Popkuns en konseptuele kuns. (Enige relevante antwoord) **[20]**

### VRAAG 14

Naturalistiese surrealisme: kunswerke van Salvador Dalí, bv. *Persistence of memory; accommodations of desire; soft construction with boiled beans* of enige ander werk.
Aanvaar 'n kort verwysing (nie meer as VYF punte nie) na invloede op hierdie beweging, bv. Freud, psigoanalise, kuns van waansinniges, outomatiese skryfwerk, die onderbewussyn, ens. Verwys na verskillende tegnieke, bv. outomatisering, toeval, seksuele perversie, outomatiese tekening, ens. (Enige relevante 10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 15**

Jackson Pollock: Verwys na die skeppingsproses, bv. rol die doek op die vloer uit, drup verf op en loop oor die kunswerk; meng verf met sand; kies die beste deel en knip dit uit; grootte van kunswerk bv. *Lavender mist, She-Wolf*.

Kies 'n ander kunstenaar, bv. Willem De Kooning vir aksieverf. Verwys na kwashale met gebare, energieke aanwending, wegskraap, rouheid en intensiteit, lewendige interaksie met die doek – *Woman series*.

Vir kleurveldskilderkuns moet studente na werke van Rothko verwys met relevante voorbeelde van kunswerke, bv. *Nr 14*, of na Barnett Newman of Helen Frankenthaler.
(Enige relevante 10 × 2) **[20]**

**VRAAG 16**

Studente kan verwys na kunswerke van TWEE van die volgende: Close, Estes, Pearlstein, Hanson of enige ander. Verwys na die gekose kunstenaar se keuse van onderwerpe. Spesifieke verwysing na die invloed en konsepte van fotografie en die reaksie op Abstrakte Ekspressionisme. Studente moet verwys na die verband tussen fotografie en massamedia. (Enige relevante antwoord) **[20]**

**VRAAG 17**

Verteenwoordigende voorbeelde van Amerikaanse Popkuns is kunstenaars soos Warhol, Rauschenberg, Johns, Rosenquist, Oldenburg en Lichtenstein. Aangesien elke kunstenaar se tegnieke en onderwerpe so uniek is, moet die student elke werk noukeurig kies en bespreek. 'n Student kan na meer as een kunswerk van die gekose kunstenaar verwys. (Enige relevante antwoord) **[20]**

**VRAAG 18**

Joseph Beuys, bv. *How to explain Pictures to a dead hare; Homogenous infiltration for grand piano; The pack* of enige ander werk. Laat studente toe om die algemene doelstellings van die beweging te bespreek en kies uit grondkuns, uitvoerende kuns, nuwe media en rekenaargrafika om die belangrikheid van dokumentasie van die kunswerk te bespreek. (Enige relevante antwoord) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou